Maties Hou Weer 'N Opedag Vir Leerders

25 Feb 2015 : Tygerburger (Brackenfell)
AVE: 5418,51
Circulation: 17056,00
Dimensions: w:134 h:150
© DALRO Copyright

TYGERBURGER (Brackenfell)
25 Feb 2015, p.13

Maties hou weer 'n opedag vir leerders

Hoërskoolleerders wat nog nie finale beroepsbesluite geneem het nie, kan gerus die Maties se opedag bywoon vir gratis loopbaanadvies.

Dié geleentheid word deur die Universiteit Stellenbosch (US) se opedag-organiseerders beplan vir Saterdag 28 Februarie op beide die Stellenbosch- en Tygerbergkampus van 09:00 tot 16:00.

Hier kan gr. 11- en 12-leerders inligting bekom oor universiteitstudie, loopbaankeuses, beurse en lenings, studentegelde, koshuisplasing, sportgeleenthede, verblyf, verenigings, die studentelewe en vele meer.

"Wat die opedag so spesiaal maak, is dat voornemende studente en hul ouers direk met fakulteitspersoneel en verteenwoordigers van die verskeie steundienste kan gesels om presies op hoogte te kom van wat die onderskeie studierigtings behels en die ondersteuning wat die US aan sy studente bied," vertel Magdel Pretorius, projekkoördineerder by die US se studentewerwingsafdeling.

"Dit gaan egter nie net oor akademiese inligting insamel nie, daar is ook hope vermaak en leerders kan verskeie pryse wen!"

Daar is baie "eerstes" wat vanjaar aangebied word, sê Pretorius. Dít sluit in toegang tot 'n gratis loopbaanvoorligting-vraelys en die innoverende Course Chooser-program.

"Die US bied wel loopbaanvoorligting aan graad 11- en 12-leerders. Hierdie diens behels 'n psigometriese assessering van persoonlikheid, aanleg en belangstellings, individuele gespreksessie, asook 'n geskrewe verslag van die resultate en aanbevelings, maar vir diegene wat dit nie kan bekostig nie, is die vraelys 'n perfekte opsie," sê sy.

Leerders en hul ouers kan algemene inligtingsessies bywoon en die onderskeie fakulteite besoek. Sportgeesdriftiges kan na die Rooiplein gaan vir meer inligting, of met die pendelbussie na Coetzenburg om te sien wat die US bied. 'n Toer na die J.S. Gericke-biblioteek is ingesluit, en daar sal 'n verwelkomingstent voor die konservatorium in Victoriastraat wees. Hier sal volledige inligting oor die program en inligtingsessies beskikbaar wees, asook die pendelbussies.

Inligtingsbeamptes sal geel T-hemde dra en by verskeie punte op die kampus diens doen.Van die ander uitstallers tydens die opedag is die Isa Carstens Academy, Stellenbosch Hair Academy, Stellenbosch Academy for Design and Photography, die Stellenbosch-rugby-akademie, Boland-Kollege, The Private Hotel School, die ICA en Aleit Academy, die CTU en The Hurst Campus.

Pendelbussies ry van die Stellenbosch-kampus na die Tygerbergkampus en terug vir leerders en hul ouers wat albei kampusse wil besoek. Besprekings is noodsaaklik.

▸ Besoek www.maties.com vir die volledige program en besoek die US op Facebook by MatiesFanPage, of skakel 021 808 9111 of e-pos na info@sun.ac.za.

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission.